

Sondagskool 1

Lestitel: Besoek deur God - Isak se geboorte – Abraham word getoets

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les wat handel oor Besoek deur God - Isak se geboorte – Abraham word getoets

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om voor te berei en die les aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryt, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) Nota: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd, die roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) as moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderrig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskool-onderwyser indien u ondersteuning of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om voor te berei en die les aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke rakende voorbereiding en aanbieding te gee:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak kant-aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys die video vir jou kind en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele (ekstra) inligtng.

Die Les

Lestitel	Besoek deur God - Isak se geboorte - Abraham word getoets
Bybelwoord	Genesis 18: 1 - 16; Genesis 2: 11 - 18,22

Lesdoelwit	Die kinders leer dat God sy beloftes nakom. God sal ons sekerlik seën as ons Hom vertrou en Hom gehoorsaam.

Lesopsomming:

• Abraham en Sara was al baie oud en was bekommerd dat hulle nooit kinders sou hê nie.
• Toe Abraham 99 was, het God hulle daaraan herinner dat Hy nie sy belofte vergeet het nie.
• 'n Jaar later het God se belofte waar geword en Sara het 'n babaseun gehad. Hulle het hom Isak genoem soos God hulle gesê het om te doen.
• Toe Isak 'n jong seun geword het, het God vir Abraham gesê om Isak te neem en hom as brandoffer te bring.
• Abraham was baie hartseer, maar het in God geglo en het geweet dat hy God moet gehoorsaam.
• Vroeg die volgende oggend het Abraham, Isak en 'n paar van sy dienaars die donkie gelaai en drie dae gereis na die plek waarheen God hulle gelei het.
• Toe hulle by die berg kom, het Abraham 'n altaar gebou en hout daarop geplaas.
• Isak vra vir Abraham waar die brandofferlam is, en Abraham antwoord dat God sal voorsien.
• Abraham het Isak vasgebind, hom op die altaar geplaas, sy mes uitgehaal en sy hand opgehef om sy seun dood te maak.
• 'n Engel van die Here het aan Abraham verskyn en tot hom uitgeroep om nie sy seun skade aan te doen nie.
• Abraham kyk op en sien 'n ram in die bosse - neem die ram en offer dit aan God.
• Abraham was baie bly dat sy seun se lewe gespaar is en God gedank.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- God kom altyd sy beloftes na en ons moet geloof in Hom hê
- Ons moet gehoorsaam wees aan God, ons ouers en diensknegte
- Wees geduldig en wag totdat God die belofte nakom - moet nooit opgee nie
- As ons op God vertrou en gehoorsaam is, sal Hy ons sekerlik seën

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wie het Abraham en Sara belowe dat hulle 'n baba sal hê?
Antwoord: God
2. Wat was die baba se naam?
Antwoord: Isak
3. Het Abraham Isak doodgemaak?
Antwoord: Nee
4. Op wie kan ons vandag vertrou?
Antwoord: God, ons ouers en ons diensknegte
5. Wat sal God doen as ons Hom vertrou en Hom gehoorsaam?
Antwoord: God sal ons seën

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons U teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen